**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

**AFRIKAANS HUISTAAL**
**(Vraestel 3)**

**TYD: 2 ½ uur**

**PUNTE: 100**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik **AFDELING A**, **AFDELING B** en **AFDELING C.**

2. Skryf **DRIE** tekste:

   - Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A: OPSTEL**
   - Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**
   - Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS**

3. Begin elke afdeling op 'n **NUWE** bladsy.

4. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees:

   4.1 Dui die beplanning aan as: **BEPLANNING**
   4.2 Dui die finale produk aan as: **FINALE SKRYFSTUK / TEKS**

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.

7. Punte word vir *beplanning / redigering / taal* en *styl* en *inhoud* toegeken.

8. Lees **AL** die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.

9. Skryf netjies en leesbaar met **BLOU** ink.

AFDELING A

**KREATIEWE TEKSTE**
**(OPSTEL)**

**VRAAG 1**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 400 – 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning / redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 Bravo! Bravo!

**OF**

1.2 "Sal alle passasiers vir Vlug 601 asseblief na uitgang 4 beweeg ..."

**OF**

1.3 Hierdie voete verstaan dat slegs klein treetjies nodig is na drome.

**OF**


1.4 "jy los my alleen
in ŉ huis vol geluide
en hoe minder ek probeer luister
hoe harder klink die klank"

***[Things that go bump in the night*: Rosa Keet]**

**OF**

1.5 Die natuurlike waarde van ŉ kind se spontane spel kan deur tegnologie vervang word.

1.6 1.6.1



**[Uit: *Taalgenoot*, April 2007]**

**OF**

**b.o.**

1.6.2




**[Uit: *Taalgenoot*, September 2008]**

**OF**

1.6.3



**[Uit: *Skottel*, November 2008]**

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

AFDELING B

**LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 – 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning / redigering gee.
- Dui jou finale produk aan.

2.1 Werkloosheid in Suid-Afrika is 'n probleem met vele fasette.
Dit was onlangs weer aktueel.
Skryf REDAKSIONELE KOMMENTAAR vir 'n dagblad hieroor.

**OF**

2.2 ***Meester* – Danie Cronjé**




**[Uit: *www.proscan.homestead*]**

Jy is die bemarkingsbestuurder by Cell G. 'n Nuwe selfoon word eersdaags vrygestel. Stel nou 'n BROSJURE saam waarin jy die publiek oor die selfoon se goeie eienskappe inlig.

**OF**

2.3 Jy het iets gedoen waaroor jy spyt is.
Ongelukkig was daar ook ander persone betrokke wat seergekry het.
Skryf 'n BRIEF waarin jy om verskoning en vergifnis vra.




**[Uit: *Vrouekeur*, 11 Junie 2004]**

**OF**

2.4 Jy is die sekretaresse van 'n sport- of kultuurvereniging wat die kennisgewing van die voorlaaste vergadering aan al die lede stuur. Heg die AGENDA vir die vergadering en die NOTULE van die vorige vergadering vir die lede se kennisname aan.

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

## AFDELING C

## KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

## VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ’n skryfstuk van 100 – 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning / redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 Jou vriend / vriendin se kamer en kaste bly net nie netjies nie! Dit is verleentheid vir sy / haar ouers en gee gereeld aanleiding tot rusies. In ’n poging om die vrede te probeer bewaar, moet jy nou puntsgewys vir jou vriend / vriendin INSTRUKSIES gee om orde uit die chaos te skep.

**OF**

3.2 Jy wil ’n studiegroep vorm om vir oulaas die Letterkunde te hersien voor die eindeksamen. Skryf vir die belangstellendes AANWYSINGS van jou skool na jou huis toe neer, sodat julle saam kan voorberei.

**OF**

3.3




**[Uit: *Rooi Rose*, Januarie 2009]**

Elkeen van ons het dinge waarsonder ons nie kan klaarkom nie.
Maak ’n lys van dié dinge wat vir jou in die besonder belangrik is en gee ook die rede(s) waarom jy dit in jou lys ingesluit het.
Jy kan jou lys puntsgewys, in paragrawe of as ’n breinkaart aanbied.

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: 100**

**EINDE**